MUNISIPALE KOSTE VAN OPENBARE EN ONAFHANKLIKE SKOLE: 2022

Marlien van der Westhuizen, 2022

012 612 0234
admin@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
www.skole.co.za

Deel van die Solidariteit Beweging

Inhoud

Lys van figure en tabelle 1
Munisipale koste van openbare en onafhanklike skole: 2022 2
Inleiding 2
Bevindings 2
Demografie van skole 2
Munisipale dienste teenoor munisipale belasting 3
Die invloed van munisipale verorderings op skole se munisipale belasting 5
Hoe word munisipale koste beperk? 5

Lys van figure en tabelle

Figuur 1 Provinsie waarin skole geleë is 2
Figuur 2 Getal leerders per skool 3
Figuur 3 Maandelikse koste van munisipale dienste 4
Figuur 4 Persentasie openbare skole wat hul eie munisipale belasting betaal 4
Figuur 5 Kategorieë van skole 5

Munisipale koste van openbare en onafhanklike skole: 2022

Inleiding

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) het die afgelope jaar van verskeie skole verneem dat hul munisipale rekeninge onbekostigbaar raak en dat dit soms ernstige finansiële implikasies vir die skool inhou. Ten einde vas te stel wat die omvang van munisipale kostes by skole is en hoe dit skole se finansies beïnvloed, het die SOS in 2019 besluit om navorsing te doen oor presies hoeveel geld skole aan munisipale kostes opdok en hoe hulle hiervoor voorsiening maak.

Dit het egter in 2022 aan die lig gekom het dat verskeie openbare skole nie alleenlik vir munispale dienste betaal nie, maar ook vir munisipale belasting. Omdat openbare skole die eiendom van die staat is, is die Departement van Openbare Werke verantwoordelikheid vir munisipale belasting van openbare skole. Om die omvang van hierdie probleem vas te stel, is die navorsingsvrae in 2022 aangepas en weer as elektroniese vraelys uitgestuur. Die vraelys was beskikbaar in Afrikaans sowel as Engels en 12 skole het dit in Engels beantwoord en 161 skole het dit in Afrikaans beantwoord.

Bevindings

Demografie van skole



Figuur 1 Provinsie waarin skole geleë is

Die meerderheid van skole is geleë in Gauteng, die Wes-Kaap en die Vrystaat. Slegs een skool in KwaZulu-Natal en drie in die Noord-Kaap het die vraelys beantwoord.



Figuur 2 Getal leerders per skool

Die meerderheid van skole (40%) het minder as 500 leerders, gevolg deur skole met 500 tot 1000 leerders (32%). ’n Verdere 4% skole het meer as 1500 leerders.
Verder is die meerderheid van die skole (78%) kwintiel 4 en 5 skole terwyl 5% kwintiel 1 tot 3 skole is en 17% onafhanklike skole is.

Munisipale dienste teenoor munisipale belasting

Vir duidelikheidsdoeleindes is dit belangrik om te meld dat daar ’n verskil is tussen die munispale dienste en munisipale belasting. Die verslag verwys na munisipale dienste in terme van die dienste deur die plaaslike munisipaliteit gelewer en sluit in dienste soos water, elektrisiteit, sanitasie en riolering. Daarenteen verwys munisipale belasting na ’n heffing of belasting wat 'n munisipaliteit mag hef ingevolge artikel 229(1)(b) van die Grondwet.



Figuur 3 Maandelikse koste van munisipale dienste

Slegs ’n derde van die skole (36%) betaal minder as R40 000 per maand, terwyl 29% tussen R40 000 en R70 000 betaal en ’n verdere 21% tussen R70 000 en R100 000 aan munisipale dienste spandeer. Verder spandeer 14% van skole meer as R100 000 per maand aan munisipale dienste.

Hierdie bedrae maak ’n wesenlike deel uit van skole se begroting en verteenwoordig vir ongeveer die helfte van die skole (49%) byna 10% van hulle begroting.



Figuur 4 Persentasie openbare skole wat hul eie munisipale belasting betaal

Soos reeds genoem is openbare skole nie verantwoordelik vir hulle munisipale belasting nie. Ondanks hierdie feit het byna ’n derde van openbare skole (27%) aangedui dat hulle hul eie munisipale belasting betaal, terwyl 23% onseker was. Die helfte van openbare skole wat die vraelys beantwoord het, het aangedui dat hulle nie munisipale belasting betaal nie.

Die invloed van munisipale verorderings op skole se munisipale belasting

’n Verdere kwessie om in ag te neem is die wyse waarop skole se munisipale belasting bereken word. Munisipale verordeninge (bywette) bepaal die kategorie waarin skole geplaas word wat ’n invloed het op die munisipale belasting. Openbare skole is tradisioneel gekategoriseer as Onderwys- of Openbare Weldaadsorganisasies wat ’n verlaagde bedrag in munisipale belasting tot gevolg gehad het. Verskeie munisipaliteite het egter al hul bywette verander en maak of nie voorsiening vir Onderwys as ’n kategorie nie, of het skole foutiewelik in ander kategorieë geplaas.



Figuur 5 Kategorieë van skole

Die meerderheid van al die skole (55%) het aangedui dat hulle as ‘n Besigheid gekategoriseer is, terwyl 26% as ‘n Openbare Weldaadorganisasie en 9% as Veeldoelig gekategoriseer is. Die oorblywende 7% is as Onderwysinstansies gekategoriseer en 3% is in die Landbou-kategorie.

Hoe word munisipale koste beperk?

Die SOS se navorsingsverslag oor Munisipale Uitgawes wat in 2019 bekendgestel is, het verskeie aanbevelings gemaak om skole te help met die bestuur van hulle munisipale dienste.



Figuur 6 Strategieë om munisipale dienste te bestuur

Om te bepaal of skole vorderinge gemaak het met die manier is daar gevra dat skole aandui watter van die strategiee hulle geimplementeer het. Die gewildste manier waarop skole probeer om kostes van elektrisiteit te beperk is, energiebesparende gloeilampe – wat by 80% van die skole reeds ingebruik is. Verder beskik 48% oor kragopwekkers, 26% oor sonpanele en het 12% met hulle plaaslike munisipaliteit onderhandel om bloktariefafslaf vir elektrisiteit. Skole maak ook toenemend gebruik van derdepartye om hulle water en elektrisiteitsverbruik te monitor. Volgens die vraelys maak 26% gebruik van 'n diensverskaffer vir die monitering van hulle elektrisiteitsverbruik en 19% vir hulle waterverbruik.

Samevatting

1. Foutiewe munisipale rekeninge is 'n wesenlike probleem vir skole en 85% van skole het aangedui dat hulle hulle al probleme ervaar het.

2. Slegs 'n derde van die skole (36%) betaal minder as R40 000 per maand, terwyl 50% tussen R40 000 en R100 000 aan munisipale dienste spandeer. Verder spandeer 14% van skole meer as R100 000 per maand aan munisipale dienste.

3. Ongeveer die helfte van die skole (49%) spandeer byna 10% van hulle maandelikse begroting aan munisipale dienste.

4. Ondanks hierdie feit openbare skole nie verantwoordelik vir hulle munisipale belasting nie, het byna 'n derde van openbare skole (27%) aangedui dat hulle hul eie munisipale belasting betaal.

Aanbevelings

1. Openbare skole is verantwoordelik om hulle munisipale dienste te betaal (met die uitsonderinge van No-fee skole). Skole het egter die reg om met hul onderskie munisipaliteite om 'n beter tarief onderhandel, wanneer die munisipaliteit hul jaarlikse Geïntegreerde Ontwikkelingsplan

(“Integrated Development Plan”) voorlê. ’n Rooster vir die publiekedeelnameproses word gewoonlik in Augustus gepubliseer. As die munisipaliteit nie ’n tariefwysiging wil toestaan nie, kan skole ’n direkte versoek aan die energiereguleerder Nersa rig.

2. Openbare skole is nie verantwoordelik vir hulle munisipale belasting nie. Maar dit is nodig dat skole seker maak dat hulle waardasie korrek is en ook dat hulle korrek gekategoriseer is. Die inligting aangaande die kategorie is te kry op die munisipale rekening en ’n skool se waardasie is te sien op die munisipaliteit se jaarlikse waardasierol. Volledige gids oor hoe eiendomsbelasting werk is **hier** beskikbaar.

3. Skole moet weet wat die stappe is om probleme met hul rekeninge te hanteer. Indien daar ’n fout is met jou skool se rekening, moet daar heel eerste ’n dispuut met die plaaslike munisipaliteit verklaar en die probleem so duidelik moontlik uiteengesit word. ’n Konsep van hierdie dispuutbrief is **hier** beskikbaar.

4. Skole kan hul plaaslike raadslid ook nader om hulp om kwessies met munisipale rekeninge te hanteer. Raadslede het die vermoë om bepaalde sake na die korrekte afdeling te herlei.

5. Skole kan hul krag- en waterverbruik beperk deur te verseker dat waterpype geen lekkasies het nie en dat veral toilette ook nie water lek nie. Skole word aanbeveel om die opsie van alternatiewe metodes van kragopwekking, soos sonkrag, te oorweeg.